Dis my taal, maar deel my taal!

Deur Mia Marais

My stukkendgehardloopde tone vlieg oor die modder. My vuilgesmeerde voete glibber oor die mosrotse. Plons deur die water. Buk onderdeur ’n tak. Als ‘wyl my angsgeklemde hande my boksie vasdruk. My ore prik soos die vegters deur die bosse plunder en my moedelose hart bewe soos hulle my omsingel. Hulle woorde, hulle profesieë van onheil wurm verby my oordromme. Hulle vat iets wat verenig, wat trots maak, en vervorm dit, maak dit moorddadig, afgryslik. Hulle vat my boksie en vertrap dit. Hulle sê dis beter as dit sneuwel. Verdrink. Versmoor. Die protes skeur los uit my moedelose stembande soos wat die gesegdes uit die boksie spat. Die versamelname wurg aan die modder. Die homonieme duik onder die vegters se voete uit: verlore.

My desperate bene spring soos ’n vlakhaas en my vreesgedrewe arms skiet uit. Ek is weg met die boksie. Die klinkers lek, ek gly oor die trappe van vergelyking en die verbuigings val uit. Ek beland tussen ’n nuwe groep mense. ’n Oerwoud van oorronding en ontronding. Die trillende, rollende klanke slaan gate in my boksie. Ek word oordonder deur snaakse geluide en vreemde gediertes en-

’n Hand verwelkom homself in my flenterboksie. Ek loer in en neologismes vang my oog. Verstand en verwondering skrik wakker in my kop. Ek soek die lyf wat die hand besit en kyk in die warm oë van ’n vreemdeling-vriend. Ek skep ’n vars bol lug, maar die oorweldigende mense druk en skaaf my boksie. Ek soek en kies die pad van hase.

Daar waar die voëltjies kalm in jou ore neurie. Waar die blare sagte groen skaduweetrane stil oor jou wange laat rol. Dáár probeer ek my boksie finaal red. Die hout versplinter onder my koudgeskrikte vingerpunte. Die geroeste slot verkrummel met die eerste asem van treur. Ek druk my arme bloeiende boksie styf teen my gebroke siel.

’n Nuwe lewe en geesdrif vat dan egter vlam. Dit loop soos dik rooi bloed uit die oorblyfsels van die hout en roes. Dit sit aan my vingerpunte, bruis deur my are, skiet deur my hart. Dit is nie iets wat in ’n boksie weggesteek kan word nie. Letters en frases bind met mense, geskiedenis, idees. Taal moet gelees word. Gepraat word. Geléef word. Taal is nie net myne om te hou nie. Dit is my taal, ja. My Afrikaans. ONS Afrikaans.